
# DIE SWART LUIPERD




No 59
Die Purper
Arend

MEIRING FOUCHE

Die Luiperdman hoor die hygende uitroep van die skare. Hy ruk los uit Bada se greep en spring opsy. Terwyl hy buite bereik van die glimlaggende reus se hande dans, hoor hy hoedat die hyging van verbasing oorgaan in 'n woedende, dreigende gebrom om die arena. Hy voel koud daar waar hy beweeg want hy weet nou dat sy geheim ontbloot is. Hy weet nou goed dat Bada met een doel veg – om sy teenstander te ontmasker, om aan die skare te toon dat hulle nie hier met 'n man te doen het wat half-–mens en half–tier is nie, maar wel met 'n gewone man wat maar net 'n velmasker oor sy kop dra.

Stofomslag: Chris du Plooy

6 000256 000063



## INHOUD

| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| 1. Vreemde Veer | 3 |
| 2. Dringende Versoek | 9 |
| 3. Weswaarts! | 17 |
| 4. Gapende Afgrond | 26 |
| 5. Sluipende Dood | 37 |
| 6. Nuwe Gevaar | 48 |
| 7. In die Arena | 58 |
| 8. Die Buffel Storm | 66 |
| 9. Die Oorwinnaar | 74 |
| 10. Haastige Vertrek | 84 |

## Hoofstuk 1

# VREEMDE VEER

Dit is kort voor die middag toe die lang, donker, frisgeboude man na die agterdek van die groot passasiersvaartuig stap. Daar het hulle sommer 'n houtkraal aangebring vir sy swart hings, Donker, en vir sy twee mak luiperds, Simson en Spikkels. Dit is die Swart Luiperd, die Suid-Afrikaanse natuurliefhebber wat al byna 'n legende geword het in die oerwoude van Afrika, wat die bewondering van al die dekpassasiers afdwing terwyl hy met krag en lenigheid oor die dek beweeg, sy groot skouers breed en hoekig, sy bruin hande kragtig en tog gevoelig, sy donker kop hoog. Hy slaan 'n netjiese figuur in sy silwerskoon kakieklere en sy sterk donker hare glim in die son, wat so warm kan brand hier aan die ooskus van Afrika.

Vandat hierdie lang, lenige man met sy helder oë en sy glinsterende bruin vel in Mombassa op die vaartuig geklim het met sy perd en sy twee mak jagluiperds, is hy die middelpunt van belangstelling aan boord. Bejaarde vroue, aantreklike jong nooiens, kinders en ouer mans tros gedurig om hom saam om van sy herinneringe te hoor. Hulle verneem dat hy die Swart Luiperd is wat op pad terug is na Suid-Afrika na vele omswerwinge in die oerwoude van noordwestelike Kenia en Zaire. Ure lank het hy hulle al vermaak met sy jagverhale en vertellinge van sy noue ontkominge, hoewel hy 'n uiters skugtere man is wat nie graag oor homself praat nie. Dit gee altyd eers 'n gesoebat af voordat hulle hom sover kry om iets te vertel omtrent homself en die fantastiese ondervindinge wat hy reeds in die oerwoud beleef het.

Hy groet links en regs mense hier waar hy stap en almal

glimlag bewonderend vir hom. Hy het ook nie ver gestap nie toe 'n klomp jongmense en kinders hulle om hom skaar om te gaan kyk hoe hy met sy diere werk.

Een van die skeepsbediendes het reeds 'n paar gerwe voer saamgebring, en dit by ou Donker se kraaltjie kom neersit—voer wat die Swart Luiperd in Dar-es-Salaam aan boord laat bring het. 'n Ander skeepsbediende het weer 'n bak vol vleis by die hok van die twee tiers kom neersit. Die Luiperdman klim in Donker se kraaltjie, haal die roskam onder sy saal uit wat in die een hoek staan en begin die groot donker hings netjies te roskam. 'n Hele skare vergader om die hokke van die tiers en die kraaltjie van ou Donker want dit is vir hulle te wonderlik om te sien hoedat hierdie man met sy diere werk. Hy behandel hulle met soveel liefde en toewyding dat die jongspan nie kan help om hom aan te gaap nie.

,,En toe, ou kêrel,'' sê hy vir Donker, onderwyl hy vir die groot perd 'n suikerklontjie uit sy sak haal en hom dit laat eet. ,,Ons is op pad huis toe, nè.'' Die perd runnik saggies, vryf sy groot kop teen die bors van die Luiperdman en kou aan sy klontjie suiker. ,,Nog net 'n rukkie, ou kêrel,'' sê hy, ,,dan stap ons in Durban aan wal en dan haal ons die trein na die ou Hoëveld van Transvaal. Nog net 'n bietjie geduld gebruik, jong.''

Nadat hy Donker geroskam het, gee hy vir hom sy paar gerwe en toe gaan hy na sy twee luiperds wat die sterte kwispel toe hy naderkom. Hy steek sy hand deur die tralies van die hok en streel hulle oor die koppe. Toe maak hy die klein luik oop en voer vir hulle die vleis daardeur. Die twee eet behaaglik en dit lyk asof hulle ook besef dat hulle en hul baas en ou Donker op pad is terug huis toe.

Nadat dit alles klaar is, kyk die Luiperdman behaaglik oor die stil see weg en hy voel dankbaar dat hy aan boord van hierdie





vaartuig is. Hy het 'n hele paar maande in die woude rondgeswerf en hy verlang nou na sy vrou en sy seun, na sy beesplaas op die Transvaalse Hoëveld waar hy so gelukkig is totdat die nuk om rond te trek, die begeerte om in die ongerepte natuur te wees, hom weer onweerstaanbaar beetpak. Die kleinspan dring weer aan op stories maar hierdie keer sit hy sy voet met 'n vriendelike glimlag dwars. Hy verduidelik aan hulle dat hy nie nou die tyd het of in die stemming is om verhale te vertel nie. ,,Vanaand gesels ons weer op dek,'' sê hy vir hulle. ,,Nou wil ek 'n bietjie rus.''

Dit is eintlik nie wat hy wil doen nie. Wat hy graag wil doen, is om na sy kajuit terug te keer en 'n klompie van sy interessante ondervindings te gaan neerskryf solank hulle nog vars in sy geheue is. Dit is wat hy gewoonlik doen wanneer hy van een van hierdie reise van hom terugkeer.

Hy stap met die dek langs, knik vir 'n paar mense wat hom vriendelik groet en toe stap hy na sy kajuit.

Die Swart Luiperd druk die deur van die kajuit agter hom toe en stap na die afslaantafel voor sy bed. Toe steek hy verbaas vas.

,,Wat 'n eienaardige besigheid,'' dink hy. Wat hy daar op die tafel sien, tref hom so hard en verbaas hom in so 'n mate dat hy vinnig deur die kajuit rondkyk.

Maar daar is niemand nie. Die kajuit is leeg. Sou hy dan in die verkeerde kajuit wees? Nee, tog nie. Hier staan sy tas, daar staan sy lang boog in die een hoek en daar hang sy pylekoker. Nee, dit is sy kajuit.

Nou wat gaan dan hier op die tafel aan?

Hy staan nader, buk oor die tafel en druk met sy hande daarop. 'n Diep frons verskyn tussen sy twee wakker oë onderwyl hy alles daar voor hom gadeslaan.

Oopgesprei op die tafel lê 'n landkaart wat nie veel beson-

derhede daarop het nie maar wat baie duidelik en definitief geteken is. Dit is netjies gedoen en dit is duidelik dat die man wat dit gedoen het kennis moet hê van landkaarte teken.

,,Dit is eienaardig,'' sê die Swart Luiperd. Dit is 'n landkaart van 'n deel van die oostelike gedeelte van Afrika. Aan die deel kus wat op die kaart aangedui word, verskyn die hawens Mombassa en Dar-es-Salaam. 'n Deel van Kenia en Tanganjika is op die kaart ingeteken, dit strek weswaarts tot aan die groot meer Victoria en nog verder tot by die meer Tanganjika; dan sluit die kaart 'n deel in die oostelike gedeelte van Zaire.

Dit is hierdie deel van die kaart wat veral sy aandag gevange hou—die deel van Zaire en veral die suidoostelike hoek daarvan. Daar staan 'n paar plekke aangemerk en ook 'n paar aanduidings wat vir hom lyk soos 'n oerwoud en bergreekse. Maar wat hom veral interesseer, is dat 'n aantal pyltjies oor die landkaart strek vanaf die hawe Dar-es-Salaam die binneland in tot aan die westelike oewer van die Meer Tanganjika. Daar hou die pyltjies op. En daar staan 'n vraagteken. Wat sou dit nou alles beduie? Hy krap sy kop want hy is volkome dronkgeslaan deur hierdie snaakse verskynsel. Wie op aarde sou hierdie kaart geteken het en wie sou dit nou juis hier op die tafel in sy kajuit kom neersit het? Dit is baie duidelik dat die persoon wat dit gedoen het, bedoel het dat hy dit moet raaksien.

Maar die landkaart is verreweg nie ál wat die Swart Luiperd se aandag trek nie. Daar is iets wat hom feitlik nog meer interesseer as die landkaart self, hoewel die landkaart op sigself hoogs interessant is.

Skuins oor die landkaart lê 'n lang veer.

Seker die mooiste veer wat die Swart Luiperd selfs in sy lang ondervinding nog gesien het.





En 'n veer wat anders is as al die ander vere wat hy nog gesien het.

Hierdie veer het 'n diep purper kleur.

'n Purper veer? Dit is nou weer 'n ander ding. Hy neem dit versigtig aan die punt, tel dit op en betrag dit noukeurig. Met die eerste oogopslag het hy gemeen dat hierdie veer geverf is. Maar noudat hy dit noukeurig betrag, sien hy dat dit nie die geval is nie. Nee, geverf is dit nie.

Hierdie is 'n natuurlike veer. Maar hoe kom dit dan purper?

,,Sou daar dan purper arende wees?'' vra die Luiperdman homself af. Maar hy kan die vraag nie beantwoord nie want hy het sekerlik nog nooit so 'n voël teëgekom nie. Nie 'n purper arend nie—nog nooit!

Tog weet hy baie definitief dat hierdie die veer is van 'n arend. Daaroor bestaan daar nie die minste twyfel nie. Dit is een van die vlerkvere van 'n arend. En van 'n kolossale arend daarby. Dit moet 'n knewel van 'n voël wees hierdie, om so 'n lang veer te lewer.

Die Swart Luiperd draai die veer al in die rondte, bekyk dit van onder en van bo, ruik daaraan, voel daaraan, en hoe meer hy daarop ingaan, hoe meer duister word die besigheid vir hom.

En toe die klok lui vir middagete, staan hy skoon uit die veld geslaan daar in sy kajuit. Hy weet nie wat om te dink van dié besigheid nie—'n Vreemde landkaart en 'n purper arendsveer!

Hy lê die veer weer versigtig neer, was sy hande, kam sy hare, trek 'n baadjie aan en toe stap hy deur na die groot eetsalon van die passasiersvaartuig.

En toe hy binnestap, let die Swart Luiperd met groter belangstelling op na die passasiers wat reeds binnegekom het. Hy is seker dat iemand op hierdie skip dit daar moes gaan neersit het. Dit spreek vanself. Die veer en die landkaart kon tog nie vanself daar

gekom het nie.

Maar hy merk niks buitengewoon op nie. Die passasiers groet hom vriendelik soos gewoonlik en daar is niks en niemand wat hom opval nie.

Hy gaan sit by sy tafeltjie en dit is net toe hy sy servet oopvou, dat iets sy aandag trek. Byna regoor die eetsaal, heel aan die anderkant in 'n hoek by 'n tafeltjie, sit 'n klein, tengerige, gryserige mannetjie met dik brilglase wat hom noukeurig en aandagtig dophou.

So, dan is jy die geheimsinnige kêrel wat die kaart in my kajuit gaan neersit het,'' dink die Swart Luiperd.

'n Paar oomblikke kyk hy aandagtig en belangstellend na die mannetjie en toe weet hy vir seker dat dit die kêrel is wat in sy kajuit was. Hy weet self nie waarom hy so dink nie, maar nog nooit was hy oor iets so seker as dat dit die man is wat die purper veer en die landkaart in sy kajuit gaan neersit het nie.





## DRINGENDE VERSOEK

Daar aan sy tafeltjie, in die eetsalon van die passasiersvaartuig, steur die Swart Luiperd hom nie verder aan die ouerige mannetjie wat sy aandag getrek het toe hy binnegekom het nie. Hy begin met sy ete, maar hoe langer hy eet, hoe meer kom hy onder die indruk dat daar 'n voelbare band geskep is tussen hom en dié vreemdeling. Dit is die eienaardigste gevoel wat hy in 'n lang tyd gehad het. Hy kan om die dood nie verklaar waarom dié man wat hy 'n rukkie gelede vir die heel eerste maal gesien het, sy gedagtewêreld binnegedring het nie. Dit is buitendien so 'n onaansienlike mannetjie. Klein en geboë, onopvallend en skynbaar met baie weinig persoonlikheid.

En tog voel dit vir die groot Oerwoudman asof die klein vreemdeling 'n houvas op hom het. 'n Paar maal loer hy tersluiks na die bejaarde vreemdeling en elke keer merk hy dat die mannetjie na hom kyk. Dit laat hom ongemaklik voel. Dit laat hom ook ergerlik voel. Hy hou daarvan om alleen gelaat te word, veral wanneer hy eet. Wanneer hy in die oerwoud rondswerf, moet hy dikwels met weinig tevrede wees en daarom hou hy daarvan om lekker te eet wanneer hy in die beskawing terug is. Sou die man 'n soort bewonderaar wees? 'n Stedeling wat in hom die verpersoonliking sien van die wye geheimsinnige oerwoud?

Die Swart Luiperd het sommer 'n gevoel dat wanneer hy hier opstaan, hy moet probeer om daardie man te ontwyk. Op sy reise het hy al baie sulke mense teëgekom—nuuskierige, onsmaaklike ou mannetjies wat in hul lewens nog nooit iets interessants gedoen het nie en wat hom gewoonlik verpes met al hul vrae en hul

nuuskierigheid.. Hy is nou op pad huis toe en hy voel werklik nie in die luim nie vir hierdie soort bog nie.

Ná 'n rukkie besluit die Swart Luiperd om dié mannetjie uit sy gedagtes te stel en aan ander dinge te dink. Hy val weg aan die smaaklike ete en verlustig hom daarin. Hy voel op sy gemak, hy voel vry en vol vooruitsig want sy diere het genoeg gehad om te eet en hy sien daarna uit om na 'n paar dae in Durban aan wal te stap. Hy was nou geruime tyd van sy plaas af weg en dit het haas tyd geword dat hy weer 'n slag na sy boerdery gaan omsien.

Die Luiperdman is so doenig met sy middagete dat hy die teenwoordigheid van 'n persoon nie agterkom voordat die man 'n paar oomblikke by sy tafel kom staan het nie. En toe hy opkyk, is dit asof sy binneste ruk want daar voor hom staan die snaakse ou mannetjie wat hy netnou daar aan die oorkant van die eetsaal dopgehou het.

Die man is nog meer geboë, nog meer tenger en nog meer onaansienlik as wat die Luiperdman hom vroeër verbeel het. Hy het 'n blosende gesiggie, twee klein, rustige ogies agter die dik brilglase, en 'n kleinerige, verspotte snorbaardjie wat die Swart Luiperd sommer ongeduldig stem.

,,Verskoon my dat ek my by u kom indring,'' sê die mannetjie, ,,maar daar is iets wat ek vreeslik graag met u wil bespreek.''

,,Soos u sien, is ek besig met my middagete,'' antwoord die Oerwoudman stroef en 'n bietjie vyandig.

,,So sien ek,'' sê die kêrel en die Luiperdman skat hom op diep in die sestig, miskien naby sewentig jaar oud.

,,Mag ek vrá of ek vir u op dek kan wag totdat u klaar geëet het?''

,,Ek sou dit verkies,'' antwoord die Luiperdman. ,,Ek hou nie daarvan om gesteur te word wanneer ek eet nie. As u my sal





verskoon. . .''

Maar in die klein vreemdeling se oë kom daar 'n uitdrukking van krag en onversetlikheid. Hy is blykbaar nie die soort man wat hom sommer maklik laat afskrik nie.

,,Ek hoop u geniet die middagmaal in vrede,'' sê hy. ,,Dan wag ek vir u op dek. Ek sal u nie lank ophou nie en ek dink dat ek u iets kan vertel waarin u moontlik sal belangstel.''

,,Net 'n oomblik,'' sê die Swart Luiperd toe die bejaarde vreemdeling omdraai. ,,Was u vandag miskien in my kajuit—kajuit nommer 602?''

Die bloesende wangetjies word nog rooier, daar kom 'n skuldige uitdrukking in die oë.

,,Dit is juis die saak wat ek met u wil bespreek,'' sê hy. ,,Ek wil u by voorbaat om verskoning vra dat ek so voorbarig was om die kajuit binne te gaan terwyl u nie daar was nie.''

,,Ons kan later daaroor gesels,'' sê die Swart Luiperd.

Hy kyk die bejaarde vreemdeling agterna onderwyl hy deur die eetsaal wegstap en nog selde het die Swart Luiperd 'n minder indrukwekkende man gesien as juis hierdie. Ook sy beweging is hortend en ongemaklik. Dit lyk byna asof hy die een of ander gebrek aan sy een been het. Die skouertjies is smal en knopperig en die liggaam word ver vooroor gehou, die kop vooruit gestoot.

,,Verdeksels!'' sê die Oerwoudman. ,,Wat op aarde het hy nou weer op sy hart? Daar is altyd die een of ander wat iets op die hart het, wat jou iets wil vertel, wat jou iets wil vra. 'n Mens het werklik nooit vrede vir jouself nie.''

Nadat hy klaar geëet het, stap hy teësinnig op die dek uit en hy is nog skaars uit of die grys vreemdeling is hier voor hom.

,,Ek het vir ons twee stoele langs mekaar getrek,'' sê die vreemdeling en lei die Luiperdman na die twee dekstoele wat hy